Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA & R 180/04

Datum verhoor: 2004-11-11
Datum gelewer: 2004-11-12

In die appél van:

**LONDEN KHUMALO** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* MUSI WnR

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant kom in hoër beroep teen sy skuldigbevinding op aanklagte van verkragting en van aanranding met die opset om ernstig te beseer waarvoor hy gevangenisstraf van onderskeidelik twaalf jaar en drie jaar opgelÍ is. Dit was gelas deur die verhoorhof dat die drie jaar gevangenisstraf op aanklag 2 samelopend uitgedien word met die vonnis op aanklag 1, met die gevolg dat die appellant effektiewelik twaalf jaar gevangenisstraf opgelÍ is.

2. Namens die appellant het Mnr. Cloete in sy betoogshoofde toegegee dat daar absoluut geen meriete in die appél is nie. Dit is gevolglik nie nodig om in groot besonderhede te handel met die feite hierin nie. Op

aanklag 1 (verkragting) was dit die appellant ten laste gelÍ dat hy die klaagster, Sophie Rooibaadjie, verkrag het op 13 Desember 1998 by die Kimberley asgate. Op aanklag 2 was dit die appellant ten laste gelÍ dat hy op dieselfde dag en by dieselfde plek die klaagster se mansvriend, Donovan Greeff, aangerand het met die opset om hom ernstig te beseer deur hom met 'n mes te steek.

3. Die klaagster op aanklag 1 sowel as die klaer op aanklag 2 het getuienis afgelÍ namens die Staat. Volgens die klaagster is die appellant bekend aan haar en was hy op die dag van die voorval ook by die asgate. Hy het op 'n stadium kom water vra en is toe weg van haar en van haar kÍrel Donovan Greeff af. Op 'n stadium het die appellant teruggekeer en vir Donovan gesÍ dat hy lus is vir omgang en het hy onwelvoeglike taal gebruik. Hy het

toe vir Donovan 'n aanduiding gegee dat daar niemand is waarmee hy omgang kan hÍ nie en het die appellant 'n voorstel gemaak, weereens in onwelvoeglike taal, dat Donovan vir die klaagster beskikbaar stel aan hom sodat hy met haar gemeenskap kan hÍ. Donovan het toe die appellant tereggewys op sy taalgebruik en het hy dit ook in geen onsekere terme aan hom oorgedra dat hy glad nie daartoe sal toestem dat die appellant met die klaagster gemeenskap het nie. 'n Struweling het tussen hulle ontstaan en die appellant het vir Donovan twee keer met 'n mes gesteek. Donovan het daar weggehardloop en die appellant het die klaagster gedwing om saam met hom te stap die veld in. Hy het deurgaans die mes in sy hand gehad waarmee hy haar gedreig het. In die veld het die appellant haar gelas om haar klere uit te trek, wat sy

gedoen het. Die appellant het daarna teen haar sin met haar gemeenskap gehad. Hy het haar ook gedwing om sy penis, wat bloederig was, te lek. Sy het getuig dat hy haar daarna beveel het om vooroor te buk, waarna hy weer met haar gemeenskap in dié posisie van agter gehad het. Op 'n stadium het sy daarin geslaag om weg te hardloop en het sy 'n verbyganger versoek om die polisie te laat kom.

4. Die klaer op aanklag 2, Donovan Greeff, bevestig in breë trekke die eerste deel van die weergawe voorgehou deur die klaagster in aanklag 1, Sophie Rooibaadjie, met ander woorde tot by die punt waar hy, volgens haar weergawe, weggehardloop het nadat die appellant hom met die mes gesteek het. Hy het ook die klaagster se getuienis gestaaf aangaande die onwelvoeglike taal wat die

appellant daar gebruik het.

5. Die appellant, wat onverteenwoordig was, het in kruisondervraging nie vrae gestel aan dié twee getuies nie. Hy het aan die klaagster op aanklag 1 gestel dat sy met hom gemeenskap gehad het met haar toestemming en sy het dit heftig ontken. Ten aansien van aanklag 2 het hy dit aan Mnr. Greeff gestel dat hulle twee in 'n geveg betrokke was en het hy ontken dat hy die klaer met 'n mes gesteek het.

6. Ten spyte van die sterk *prima facie*-saak teen hom het die appellant verkies om nie getuienis af te lÍ nie en het hy ook geen getuies geroep nie. Sy regte in dié verband is deeglik aan hom verduidelik en het die landdros inteendeel navraag gedoen by die appellant of hy sy regte

deeglik in dié verband verstaan, waarop die appellant bevestigend geantwoord het. Dit het natuurlik tot die gevolg dat die Staat se *prima facie* saak onweerspreek staan. By gebrek aan enige antwoord daarop, word dié *prima facie* bewys natuurlik afdoende bewys. Sien in die verband:

**S v Brown en 'n ander** 1996(2) SASV 49 (NK) te 65 f-g.

7. In die omstandighede dus is ek die mening toegedaan dat die skuldigbevinding van die appellant op die twee aanklagte regtens in orde is en het Mnr. Cloete namens die appellant tereg na my mening toegegee dat daar geen meriete in hierdie appél is nie.

8. **Die appellant se appél word afgewys. Die appellant se skuldigbevindings en vonnisse word bekragtig.**

______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

________________

**CJ MUSI**

**WAARNEMENDE REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| NAMENS APPELLANT | : | ADV PJ CLOETE (Regshulpsentrum) |
| NAMENS RESPONDENT | : | |

| | | |
|---|---|---|
| DATUM VAN VERHOOR | : | 2004-11-11 |

DATUM VAN UITSPRAAK : 2004-11-11